



SAVI-PRYSE VIR VOORTREFLIKE VERTALING EN WOORDEBOEKE

2012

REËLS

Artikel 1

Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut ken pryse toe vir die vertaling van gepubliseerde werk en vir vertaalwoordeboeke in die amptelike tale van Suid-Afrika. Die doelstellings van die toekenning is –

1. om die vertaling en publikasie van werk in en/of uit die amptelike tale aan te moedig;
2. om die aandag op navolgenswaardige vertaalstandaarde te vestig;
3. om veeltaligheid en veral die gebruik en ontwikkeling van die inheemse tale te bevorder;
4. om kruiskulturele begrip te bevorder;
5. om openbare bewustheid te kweek van vertalers se bydrae om die mense van Suid-Afrika te verenig; en
6. om bewustheid van vertaling as 'n beroep te kweek.

Die pryse word uit die SAVI-Ontwikkelingsfonds en beskikbare borgskappe gefinansier.

Artikel 2

Die pryse word vir 'n enkele gepubliseerde vertaling of woordeboek van voortreflike gehalte toegeken. Die pryse word aan die vertaler, of in die geval van 'n woordeboek, aan die redaksiespan, en nie die uitgewer nie toegeken.

Artikel 3

Die pryse word elke drie jaar toegeken en op of rondom Internasionale Vertaaldag (30 September) oorhandig.

Artikel 4

Die pryse word toegeken op aanbeveling van 'n verteenwoordigende beoordelingspaneel aangestel deur die Raad van SAVI. Die beoordelingspaneel kan geskikte kundiges raadpleeg indien nodig.

Artikel 5

Slegs werke wat in die tydperk sedert die vorige toekenning gepubliseer is, kan benoem word.

Artikel 6

Vyf pryse word toegeken:

1. Die **SAVI-prys vir Voortreflike Literêre Vertaling** vir literêre werk soos romans, kortverhale, poësie en drama
2. Die **SAVI-prys vir die Voortreflike Vertaling van Niefiksie** vir werk soos (outo-) biografieë, motiveringsboeke, godsdiensboeke en tegniese handleidings
3. Die **SAVI-prys vir die Voortreflike Vertaling van Kinderliteratuur** vir kinderboeke
4. Die **SAVI-prys vir Voortreflike Diensvertaling** vir werk soos korporatiewe publikasies, jaarverslae, wetgewing en skoolboeke
5. Die **SAVI-prys vir Voortreflike Vertaalwoordeboeke** vir twee- of veeltalige woordeboeke in gedrukte of elektroniese formaat

Artikel 7

Die wenner van elke prys ontvang 'n merietesertifikaat en 'n bedrag geld.

Artikel 8

Benoemings kan –

1. vertalings wees –
 - (a) tussen enige van die amptelike tale;
 - (b) uit 'n nieamptelike taal in enige amptelike taal behalwe Engels;
 - (c) uit enige amptelike taal behalwe Engels in 'n nieamptelike taal; of
2. twee- of veeltalige woordeboeke in gedrukte of elektroniese formaat in enige kombinasie van enige van die amptelike tale wees.

Artikel 9

Benoemings moet op 'n amptelike benoemingsvorm geskied en aan alle vereistes voldoen. Benoemings wat nie aan die vereistes voldoen nie, sal nie in aanmerking kom nie. In die geval van elektroniese benoemings kan slegs een benoemingsvorm ingedien word. Waar benoemings slegs in harde kopie ingedien word, word ses afskrifte van die benoemingsvorm vereis. In die geval van vertalings moet ses eksemplare elk van sowel die bron- as die doeltteks by elke benoeming ingedien word, en ses eksemplare van die benoemde woordeboek.

Artikel 10

Benoemings moet teen 30 Januarie van die jaar waarin die pryse toegeken word by SAVI se Kantoor ingedien word.

Artikel 11

SAVI behou hom die reg voor om nie 'n bepaalde prys of geen pryse in 'n sekere jaar toe te ken indien geen geskikte benoemings ontvang word nie.

Artikel 12

SAVI se Raad kan 'n besluit oor enige aangeleentheid neem waarvoor hierdie reëls nie voorsiening maak nie.

SAVI-Kantoor
Posbus 1710
Rivonia
2128

Tel: 011 803 2681
Faks: 0866 199 133
E-pos: office@translators.org.za
Web: www.translators.org.za